

**AFDELING A: LEESBEGRIP****ASSESSERINGSRIGLYNE**PUBLIC EXAMINATIONS  
PRETORIA 0001**PUBLIC EXAMINATIONS**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder **NIE GEPENALISEER NIE**. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir **JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE** nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir **WAAR/ONWAAR** of **FEIT/MENING** nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer **TWEE/DRIE** feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien **SLEGS** die eerste **TWEE/DRIE** na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem **EN/OF** die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

**VRAAG 1****TEKS A: KLEIN HATICE MAAK GROOT NAAM**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Desember 2010 en <http://wol.jw.org>]

<b>VRAAG</b>	<b>MEMORANDUM</b>	<b>PUNT</b>	<b>DENK-VLAK (Barrett)</b>
1.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die skoolkinders het haar (oor haar lengte) <b>geterg</b>.</li> <li>• Volwassenes het grappies oor haar/dwergies gemaak.</li> <li>• Die skoolkinders/volwassenes het haar soos iemand van die plaaslike sirkus behandel.</li> <li>• Volwassenes/skoolkinders het haar soos 'n kind behandel. (Enige EEN) (Fokus van vraag: WAT het haar skooldag 'n nagmerrie gemaak?)</li> </ul>	1	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die volwassenes was onsensitief/ongeskik/onbeskof teenoor Hatice.</li> <li>• Die volwassenes het soos kinders opgetree/kinderagtig.</li> <li>• Die volwassenes het haar verbaal geboelie.</li> <li>• Die volwassenes het nie simpatie met Hatice gehad nie. (Enige EEN of soortgelyk) (Fokus: Wat lei jy af, wat was hulle ingesteldheid?)</li> </ul>	1	3
1.3	Hatice is in Istanboel as die kortste vrou ter wêreld <b>aangewys</b> .	1	1

eww  
KS

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hatice het lank gewag (voordat haar situasie verander het/voordat sy beroemd geword het).</li> <li>Daar het baie tyd verloop (voordat Hatice se situasie verander het/voordat Hatice beroemd geword het).</li> <li>Na 'n lang ruk het dinge verander. (Enige EEN of soortgelyk) (Fokus: Tyd)</li> </ul>	1	4
1.5.1	Figuurlik	1	3
1.5.2	Sy is baie bly/gelukkig.	1	2
1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om haar lengte akkuraat te meet.</li> <li>Met skoene sou sy langer wees. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3
1.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Khagendra is (4cm) korter as Hatice.</li> <li>Khagendra is 67 cm/sewe en sestig/sewe-en-sestig sentimeter/cm lank. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hulle woon albei in Turkye./Hulle is landgenote.</li> <li>Hulle is albei in die <i>Guinness World Records</i> opgeneem.</li> <li>Hulle hou albei 'n wêreldrekord./Hy is die langste man en sy is die kortste vrou <b>in die wêreld</b>.</li> <li>Albei is in hul twintigs. (Enige TWEE)</li> </ul>	2	2
1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>baie lank is.</li> <li>A baie lank is. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hy is die langste man (in die wêreld)/2,47m lank. ✓</li> <li>Hy het die grootste hande/27,5cm. ✓</li> <li>Hy het die grootste voete/36,5cm. ✓ (Enige TWEE rekords, selfs binne 1 sin)</li> </ul>	2	1
1.11	“Ons het nie besef sy ly aan dwergisme nie.” (Aanvaar antwoord sonder aanhalingstekens)	1	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNTE PRETORIA 0001	DENK- VLAK (Barrett)
<b>PUBLIC EXAMINATIONS</b>			
1.12	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hatice se ouers kon geld/n motor geleen het (om haar na die spesialis te neem).</li> <li>• Die ouers kon 'n fonds gestig het (sodat die gemeenskap hulle kon help om haar na die spesialis te neem).</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hatice se ouers was te arm (om haar na 'n spesialis te neem).</li> <li>• Hatice se ouers het nie geld/n motor gehad (om haar na 'n spesialis te neem) nie.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk) (Fokus op rugprobleem – par. 8)</p>		
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hatice is fisies nie baie sterk nie.</li> <li>• Hatice kan net klein goedjies optel/n bietjie skoonmaak/sy kan nie baie dinge self doen nie.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk) LW: Geen aanhalings nie.</p>	1	3
1.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hatice hoop om iemand te ontmoet wat vir haar lief gaan wees.</li> <li>• Hattice hoop sy kan eendag trou/iemand ontmoet wat saam met haar voor die kansel gaan staan/die regte troumaat vind.</li> <li>• Hatice hoop om onafhanklik te wees/dinge vir haarself te doen.</li> <li>• Hatice sal wil werk/n beroep volg.</li> <li>• Hatice wil die wêreld plat reis.</li> </ul> <p>(Enige TWEE of soortgelyk)</p>	2	2
1.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Deur die gebruik van) die kat (in die foto).</li> <li>• Deur vir Hatice saam met die kat af te neem.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p>	1	3
1.16.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hatice het beroemd/bekend geword.</li> <li>• Hatice se naam het beroemd/bekend geraak.</li> <li>• Hatice het (wêreld)erkenning gekry.</li> </ul> <p>(Enige EEN)</p>	1	2
1.16.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die teenoorgesteldes/antonieme/paradoks beklemtoon/vestig aandag op/som op/kontrasteer. ✓ EN</li> <li>• Hatice se klein bou en die wêreldroem wat sy verwerf het. ✓ (Of soortgelyk)</li> </ul>	2	5
1.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die skrywer wil wys dat dwergisme 'n universele verskynsel/toestand is/regoor die wêreld voorkom.</li> <li>• Die skrywer wil wys dat die lewe vir <b>alle dwerge</b> regoor die wêreld moeilik is.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p>	1	5

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.18	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesonde mense/gemeenskappe moet mense met dwergisme of mense met gebreke normaal/met simpatie/sensitief behandel.</li> <li>• Drome kan waar word.</li> <li>• Bly positief.</li> <li>• Feite oor dwergisme (Of soortgelyk – opvoedkundige-/sedeles)</li> </ul>	1	4


**TEKS B: BESTE BESTUURDERS VOLGENS NAVORSING**[Verwerk uit: [www.grafika24.com](http://www.grafika24.com)]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.19	Opel, Nissan, Ford	1	2
1.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Hyundai-bestuurder word as <b>nommer 1</b> aangedui/Boaan die lys/Die Hyundai se bestuurder staan in die eerste posisie.✓</li> <li>• Die Hyundai-bestuurder het 10/die meeste <b>sterre</b> gekry./Met sterre.✓</li> </ul>	2	3
1.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• 'n 62-jarige man wat rook en wat 'n Honda bestuur (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• nie-rokers</li> <li>• Bestuurder/Hy/Sy rook nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
1.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Volgens navorsing) is vrouens beter bestuurders (as mans).</li> <li>• Vrouens is die nommer 1 bestuurders volgens geslag. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
<b>TOTAAL AFDELING A:</b>			<b>[30]</b>

**AFDELING B: OPSOMMING****Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1-3 korrekte feite: 1 punt
  - 4-5 korrekte feite: 2 punte
  - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**


- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die einde van die sin waarin 70 woorde oorskry word, lees.

**VRAAG 2****TEKS C: WENKE OM TE VERSEKER DAT MENSE VAN JOU SAL HOU**

[Verwerk uit: <http://www.pitkos.co.za>]

Leesstuk	Eie woorde
<p>Is jy alleen, eensaam en sonder vriende? Jy wil graag hê dat mense van jou hou. Maar hoe doen jy dit? Hier volg 'n paar wenke wat jou kan help.</p>	
<p>Mense se name is belangrik. Sommige mense word kwaad as hul name verkeerd uitgespreek word. Die verkeerde uitspraak van 'n naam kan die betekenis daarvan verander. Vir baie mense verteenwoordig hul name wie hulle is. <b>Dit is dus belangrik dat jy mense se name korrek uitspreek veral wanneer jy met hulle praat.</b></p>	<p>1 Spreek mense se name korrek uit (wanneer jy met hulle praat).</p>
<p>Wie hou van onvriendelike mense? Onvriendelike mense skrik ander af. <b>Die ideale manier om grense tussen oud en jonk, man en vrou en verskillende tale af te breek, is 'n vriendelike glimlag.</b> Terselfdertyd oefen jy jou gesigspiere!</p>	<p>2 Glimlag (vriendelik) vir mense (om grense af te breek).</p>
<p>Mense gesels graag oor die dinge waarin hulle belangstel soos hul werk, sport, kos en stokperdjies. <b>Dit werk wonderlik as jy met mense gesels oor die dinge waarin hulle geïnteresseerd is.</b></p>	<p>3 Gesels met mense oor hulle stokperdjies/hulle werk/die dinge waarin hulle belangstel.</p>

<p>In sekere gevalle is konfrontasies onvermydelik, maar <b>probeer sover moontlik om moeilike situasies wat tot argumente kan lei, te vermy.</b> Hierdie vermoë word deur baie mense bewonder.</p> <p><b>Jy moet ook leer om nie so maklik ander mense se gedrag te kritiseer nie,</b> want mense kritiseer gewoonlik omdat hulle nie ander mense se optrede verstaan nie.</p> <p>Jy wil ook graag vriende maak en mense nader trek – <b>wees dus 'n positiewe persoon.</b> 'n Uitstekende voorbeeld van iemand met 'n positiewe persoonlikheid was Suid-Afrika se voormalige president, Nelson Mandela.</p> <p>Almal begaan foute. <b>Wanneer jy verkeerd is, vra onmiddellik om verskoning.</b> Dit help om enige moeilike situasie te red.</p>	<p>4</p> <p>5</p> <p>6</p> <p>7</p>	<p>Probeer (situasies wat) argumente/konfrontasies (kan veroorsaak) vermy.</p> <p>Moenie (altyd) (met ander mense se gedrag) fout vind nie./Moenie (ander mense) kritiseer nie.</p> <p>Wees positief (om mense nader te trek).</p> <p>Vra (dadelik) om verskoning as jy verkeerd is.</p>
<p><b>TOTAAL AFDELING B:</b> <span style="float: right;"><b>[10]</b></span></p>		



**AFDELING C: TAAL****ASSESSERINGSRIGLYNE**
 1111 1111 1111  
 PRETORIA 0001
**PUBLIC EXAMINATIONS**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

**VRAAG 3****TEKS D: ADVERTENSIE**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 September 2013]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die woord verskyn in drie tale.</li> <li>• Die gevaarteken/weerligteken (verskyn bokant die woord, GEVAAR.)</li> <li>• Die woord is in vetdruk.</li> <li>• Die woord is in hoofletters.</li> <li>• Die woord is in groot letters gedruk.</li> <li>• Die woorde staan in 'n blokkie.</li> <li>• Die doringdraadheining/(hakies) - draad (beklemtoon die gevaar.) (Enige TWEE)</li> </ul>	2	6
3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit manipuleer jou om betrokke te raak.</li> <li>• Dit betrek die leser.</li> <li>• Dit plaas die advertensie op 'n persoonlike/intieme/informele vlak. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	6
3.3	jy	1	1
3.4	skatryk/stinkryk	1	1
3.5	negatiewe	1	1
3.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• krag</li> <li>• D krag</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
3.7	Stuur/Tik/Skryf (mag ook kleinletters wees)	1	3
3.8	elektrisiteit (kan ook in sin gegee word) (spelling moet korrek wees)	1	4

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.9	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>As trotse Suid-Afrikaner, speel dit op my gevoel van nasietrots/lojaliteit/vaderlandsliefde.</li> <li>Die land se ekonomie is vir my belangrik.</li> <li>Die advertensie dra 'n sterk boodskap.</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Dit is die polisie se werk om diewe vas te keer.</li> <li>Dit raak my nie persoonlik nie.</li> <li>Ek betaal my eie elektrisiteitsverbruik. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	6
<b>SUBTOTAAL:</b>			<b>[10]</b>

PRETORIA 0001  
**PUBLIC EXAMINATIONS**

<b>VRAAG 4</b>			
<b>TEKS E: STROKIESPRENT</b>			
[Verwerk uit: <i>Huisgenoot</i> , 21 November 2013]			
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>C</li> <li>die kat die woorde anders bedoel.</li> <li>C die kat die woorde anders bedoel. (Enige EEN)</li> </ul>	1	2
4.2	Ek kies my vakke vir volgende jaar. (Of soortgelyk)	1	3
4.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die vorige kat het 'n eendjie gevang.</li> <li>Die vorige kat is deur die ma eend aangeval/doodgemaak/weggejaag. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4
4.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sy groot oë.</li> <li>Die strepies bokant sy kop.</li> <li>Die kat se gesigsuitdrukking. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4
4.5	Die hond sê vir die mannetjiekat dat hy ✓ net soos die vorige kat sal verdwyn. ✓	2	3
4.6	links	1	2
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>(Dit word beklemtoon deur) die gebruik van 'n uitroepteken.</li> <li>(Dit word beklemtoon deur) die feit dat dit in hoofletters/vetdruk/groter letters geskryf is. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4



VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>In raampie 1 sien ons 4/meer eendjies, maar in raampie 2 is daar 3/minder eendjies sigbaar.</li> <li>Die eendjies word lopend voorgestel.</li> <li>Die afstand tussen die hond/kat en die eendjies word al groter.</li> <li>Die eendjies beweeg al verder verby die windpomp. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4
4.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die hond waarsku die kat vooraf sodat hy nie in die moeilikheid kom nie.</li> <li>Die kat en hond praat vriendelik met mekaar. (Of soortgelyk)</li> </ul>	1	6
<b>SUBTOTAAL:</b>			<b>[10]</b>


**VRAAG 5**
 REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
 PRETORIA 0001
**PUBLIC EXAMINATIONS****5.1 TEKS F: DIE RENOSTERMEISIE**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Oktober 2013]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.1.1	mej. (moet kleinletter wees)	1	1
5.1.2	vyftien	1	1
5.1.3	Amina sê: "Ek is die renostermeisie by die skool." "Ek is die renostermeisie by die skool," sê Amina. (EEN punt vir korrekte leestekens op die regte plek en EEN punt vir korrekte woordorde <b>en</b> voornaamwoord.)	2	3
5.1.4	onderwyseres	1	1
5.1.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Daar behoort renosters in die toekoms te wees.</li> <li>Daar behoort in die toekoms renosters te wees. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
5.1.6	wêreldwyd	1	1
5.1.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Renosters kan nie self praat nie.</li> <li>Renosters kan self nie praat nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
5.1.8	'n Bloeiende renoster het my hartseer gemaak.	1	3
5.1.9	Amerikaner	1	1
5.1.10	Amina het vir die eerste keer 'n renoster gesien toe sy twee jaar oud was.	1	3

5.1.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die Krugerwildtuin is dikwels deur haar gesin besoek.</li> <li>Dikwels is die Krugerwildtuin deur haar gesin besoek. (Enige EEN)</li> </ul>	1	5
5.1.12	Onmiddellik het sy gedink renosters is oulike diere.	1	3
5.1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>B</li> <li>oplos.</li> <li>B oplos. (Enige EEN)</li> </ul>	1	1

**5.2 TEKS G: PRENT**[Uit: [www.google.com](http://www.google.com)]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK (Bloom)
5.2.1	voorskoot	1	1
5.2.2	verestoffer	1	1
5.2.3	stofsuiers	1	1
5.2.4	sputkannetjie	1	1
5.2.5	stoom	1	1
5.2.6	agtergrond	1	1
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>[20]</b>	
		<b>TOTAAL AFDELING C: 40</b>	
		<b>GROOTTOTAAL: 80</b>	



Handwritten signature or initials.